**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr.: A68/2004

**<u>DIE PADONGELUKKEFONDS</u>** Appellant

en

**<u>ELIZABETH TERRY</u>** Respondente

---

**<u>CORAM:</u>** MALHERBE RP *et* VOGES WND R

---

**<u>VERHOOR OP:</u>** 14 FEBRUARIE 2005

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** MALHERBE RP

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 3 MAART 2005

---

Appellant was die onsuksesvolle verweerder in 'n aksie in die plaaslike Landdroshof waarin respondente skadevergoeding gevorder het vir liggaamlike beserings as gevolg van 'n motorbotsing. In haar Besonderhede van Vordering beweer

respondente dat die bosting veroorsaak is deur die uitsluitlike nalatigheid van die eerste versekerde bestuurder (Mnr. Koster), alternatiewelik die uitsluitlike nalatigheid van die tweede versekerde bestuurder (Mej. Jacobs) en in die verdere alternatief, deur die gesamentlike nalatigheid van die genoemde bestuurders. Die Landdros het bevind dat Koster se nalatigheid bygedra het tot die botsing. Namens appellant word op appèl aangevoer dat die Landdros moes bevind het dat die botsing veroorsaak is deur die uitsluitlike nalatigheid van Mej. Jacobs. [So 'n bevinding sal beteken dat respondente se vordering as passasier in Mej. Jacobs se voertuig beperk is tot R25 000,00 uit hoofde van die bepalings van artikel 18(1) van die Padongelukkefondswet (Wet nr. 56 van 1996)].

Daar is ook voor ons 'n aansoek om kondonasie van appellant se versuim om die appèlrekord betyds te liasseer. Hierdie versuim word bevredigend verduidelik in die beëdigde verklaring deur appellant se prokureur, te wete 'n vertraging by die instansie wat die getuienis moes transkribeer. Daar is geen beswaar teen die aansoek nie. Die gevraagde kondonasie word toegestaan.

Dit is gemenesaak dat die botsing waaroor hierdie saak handel, plaasgevind het om ongeveer 21h15 op Saterdagaand 23 Februarie 1998 in die kruising Wes Burgerstraat en Henrystraat, Bloemfontein. Wes Burgerstraat is ‘n eenrigtingstraat en loop van suid na noord. Hierdie straat word gekruis deur Henrystraat wat van oos na wes loop. Mej. Jacobs het ‘n Toyota Corolla motor van oos na wes in Henrystraat bestuur en respondente het aan haar linkerkant voor gesit. Daar is stoptekens by die kruising vir verkeer wat in beide rigtings in Henrystraat ry. Dit beteken dat Wes Burgerstraat die sogenaamde deurstraat is. Mnr. Koster het ‘n Volkswagen Golf motor bestuur van suid na noord in Wes Burgerstraat in die regterbaan en in die kruising teen die linkerkant van die Toyota van Mej. Jacobs gebots.

By die aanvang van die verrigtinge in die Landdroshof het die onderskeie regsverteenwoordigers by ooreenkoms ‘n sketsplan (Bewysstuk “A”) ingehandig wat hulle opgestel het na ‘n inspeksie ter plaatse vroeër daardie oggend. Uit hierdie sketsplan blyk dit dat daar suid van die betrokke kruising paralelle parkeerruimtes weerskante van Wes Burgerstraat is. Die geparkeerde motors aan die oostekant van Wes Burgerstraat beperk ‘n bestuurder in die posisie van Mej. Jacobs se uitsig na links, d.w.s na suid. Benewens hierdie geparkeerde voertuie, is daar ‘n gebou op die suid-oostelike hoek van die kruising wat dit onmoontlik maak vir ‘n bestuurder in Mej. Jacobs se posisie om vanaf ‘n stilstaande posisie by die stopteken verkeer vanaf die suidekant (soos Koster

gery het) te sien. Ten einde behoorlik na die suidekant te kan sien, moet 'n bestuurder in Mej. Jacbos se posisie noodwendig by die stopteken verby beweeg. Hoe verder so 'n bestuurder verby die stopteken beweeg, hoe beter word sy uitsig na links totdat hy vanaf 'n posisie drie meter verby die stopteken 'n onbelemmerde uitsig na links (die suidekant) het.

Ongeveer 68 meter suid van die kruising waar die botsing plaasgevind het, kruis Charlesstraat Wes Burgerstraat. Hierdie kruising word deur verkeersligte beheer. Nog 'n straatblok verder suid is daar ook verkeersligte waar Elizabethstraat by Wes Burgerstraat aansluit. (Dit is hoek waarna in die getuienis verwys word as die hoek waar Woolworths is).

Mej. Jacobs het getuig dat sy kort voor die botsing agter 'n wit Mercedes Benz motor by die betrokke stopstraat stilgehou het. Haar motor se hoofligte was aan. Sy en haar vriendinne, waaronder respondente, was nie haastig nie. Haar uitsig na links (suid) in Wes Burgerstraat was beperk deur die gebou aan haar linkerkant en geparkeerde voertuie aan die oostekant van Wes Burgerstraat. Die Mercedes Benz het vorentoe beweeg en oor Wes Burgerstraat gery. Sy het stadig vorentoe beweeg en by die stopteken gestop vanwaar die Mercedes Benz pas weggetrek het. Sy het na links gekyk vir aankomende verkeer. Haar uitsig na

links was nog steeds beperk.  Sy getuig verder:

> "Ek beweeg toe stadig, kruip toe vorentoe om verby die motor aan my linkerkant te kom om te sien of daar motors van my linkerkant aankom ....

Waarheen het u gekyk terwyl u nou so stadig vorentoe gekruip het soos u dit nou stel?   Aan die linker, na links om te kyk of ek motors kan sien wat aankom.

Kon u enige motors op daardie stadium sien?   Nog, nee.

Wanneer het u vir die eerste maal gesien dat daar voertuie was wat in aantog was?  Die oomblik toe hulle ons tref, toe hy, ek kon hom gladnie sien nie."

Sy verduidelik verder dat twee motors vanaf suid na noord in Wes Burgerstraat gery het en dat die een in die regterbaan eerste met haar motor gebots het.  Volgens haar was daar niks wat sy kon doen om die botsing te vermy nie.

Mnr. Koster se weergawe is dat hy die betrokke aand sy Golf motor regs van 'n ander Golf motor stilgehou het by 'n rooi verkeerslig by die kruising suid van die Charlesstraat kruising.  Toe die verkeerslig oorslaan, het albei die Golf motors noordwaarts gery in Wes Burgerstraat.  Die verkeerslig by die Charlesstraat kruising (d.w.s. ongeveer 68 meter vanaf die kruising waar die botsing plaasgevind het) was groen en albei Golf motors het oor die kruising gery.  Sy spoed was tussen 60 en 70 k/pu.  Hy het

gesien die wit Mercedes Benz kruis sy pad van regs na links

> "....  en ek het briek, die rem half getrap maar hy was klaar in die ander baan gewees en toe het ek weer die rem gelos maar ek het so in sy rigting gekyk en toe ek terugkyk, was die ander motor voor, reg voor my ....

Was daar enigiets wat u kon doen om die ongeluk te vermy?  Nee, daar was niks nie.  Dit was, die motor was te naby my.  Ek kon nie, ek het gebriek maar hy was teen my.  Toe ek hom tref het ek hom klaar gestamp."

Netsoos in die geval van Mej. Jacobs is dit derhalwe ook Koster se saak dat toe hy die Toyota van Mej. Jacobs die eerste keer opmerk, was hy so naby daaraan dat hy niks kon doen om die botsing te vermy nie.

Namens eiseres het 'n sekere Mnr. Haasbroek ook getuig.  Hy is 'n onafhanklike buitestaander.  Hy was ten tyde van die gebeure op die sypaadjie oos van Wes Burgerstraat tussen Henrystraat en Charlesstraat, ongeveer 10 meter vanaf die punt van botsing, en getuig in hoof soos volg:

> "<u>MNR FOURIE</u>:  Wat merk u toe verder op?  -- Ek was besig om my voertuig te sluit en ek het twee motors teen 'n hoë spoed hoor, ek het hulle hoor aankom voor ek gekyk het.  Ek het links gekyk en ek het gesien dat die twee voertuie aankom.  Die robot, by die hoek van Wes Burger en Charlesstraat was nog rooi gewees.  Ek het nog aan 'n vriend van my gesê dat hierdie ouens

gaan nie gestop kry by die robot nie en hulle het net bly ry en hulle het, die robot was nie groen vir hulle gewees toe hulle oorgekom het nie en hulle het oor die robot gegaan en toe het hulle, die regterkantse voertuig het 'n voertuig getref wat besig was om, wat stilgehou het by die stopstraat maar hy was al 'n entjie oor die stopstraat gewees in Henrystraat.

"Wat is dit wat u aandag getrek het? --- Spesifiek omdat die twee voertuie, ek bedoel ek was ook jonk op daardie stadium, ek kon hoor hierdie outjies is besig om te jaag.

Is dit die revolusie van die motors se .... (tussenbei).
--- Ja.
Enjins? --- Dis hy, ja.
Wat u aandag getrek het? – Dis hy.

En u beskou, u het toe gesien hierdie twee outjies is besig om te jaag? – Ja.

U praat nou van resies jaag of watse jaag praat u van? -- Ja-ja, resies jaag.

En u sien toe nou maar hulle gaan dit nie maak vir die robot nie, hy is rooi maar hulle is toe oor? – Ja.
En die volgende het daar toe nou 'n botsing plaasgevind. – Dis hy.
Kon u presies sien hoe hierdie botsing toe nou plaasgevind het? -- Ja, die regterkantse voertuig het eerste die mense se voertuig eerste getref.

In kruisondervraging lui sy getuienis soos volg:

"... (praat tegelykertyd). -- Ek het reeds vir u gesê dat ek was, ek het ook resies gejaag, so ek het gekyk na die twee voertuie.

En wat het u gesien? – Dat die twee voertuie kom met 'n baie hoë spoed na die robot toe aangery.

Kon u die posisie van die twee voertuie sien of maak u 'n afleiding? -- Nee, hulle was langs mekaar, dit was twee voertuie langs mekaar gewees.

Langs mekaar? – Dis hy, ja.
U het die revolusies gehoor en dit laat u nou 'n afleiding maak dat hulle 'n hoë spoed gehandhaaf het, is dit korrek? – Definitief ja.

Hy spreek die mening uit dat indien die Golf motors by die rooi verkeerslig by die Charlesstraat kruising gestop het of nie so vinnig gery het nie, die botsing nie sou plaasgevind het nie. In antwoord op vrae deur die Landdros aan die einde van sy getuienis getuig hy soos volg:

"U sê u kon aan die revolusies van die voertuie kon u van aflei dat hulle teen 'n hoë spoed gery het. – Ja.

Enige ander rede waarom u sê hulle teen 'n hoë spoed gery het? -- Ja, omdat hulle, hulle het van die onderpunt van die straat af kon jy gehoor het die voertuie ry. Dit was 'n hele ent weg wat jy kon hoor hier kom twee voertuie aan wat jy nie normaalweg sou hoor sou die voertuig normaal sestig kilometer per uur ry nie.
So u sê u het hulle van ver af gehoor? -- Ja, van ver af, ja.

Enige ander rede, dit wat u self gesien het? – Ja, dit was net dat ek hulle kon gehoor het dat hulle nie normaal sestig kilometer per uur ry nie en omdat hulle, op daardie stadium toe ek gekyk het het hulle, kon jy sien die twee is besig om resies te jaag want hulle het

langs mekaar gejaag. Dit was nie dat die een voertuig agter die ander voertuig gery het nie. Hulle het teen 'n hoë spoed langs mekaar opgekom in Wes Burgerstraat."

Mnr. Koster was ook nie die enigste getuie namens respondent nie. Die bestuurder van die tweede Golf, ene Smith, het ook getuig. Hy beskryf die gebeure soos volg in sy hoofgetuienis:

"Terwyl u so gery het wat het gebeur, verduidelik vir die hof? -- Ons het gery en goed en ek, ons het by die eerste robot gestop daar by die Middestad Sentrum. Ek het .... (tussenbei).

Daar by Woolworths ... (tussenbei). -- Ja, ek het gestop en toe kom trek die silwer Golfie langs my in en hy, ons het saam weggetrek en hy het gegaan, die volgende robot by Henrystraat oorgegaan en ... (tussenbei).
Die Charlesstraat robot? – Ja, Charlesstraat robot oorgegaan.

Was hy rooi of groen? – Nee, hy was groen gewees en toe is daar 'n Mercedes wat voor ons verbygegaan het. Hy was seker so vier kar lengtes voor my, het hy voor verby ... (tussenbei).

Die Mercedes? – Ja en toe het die Toyota voor die Golf, silwer Golf in geswaai of ingery en toe tref die Golf hom, toe swaai die Golf voor my in.

Was u ook ... (onduidelik). – Ja.
Sê vir my, was u alleen in u voertuig of het u 'n passasier gehad? – Nee, ek was alleen gewees.
Daar was getuienis gewees vroeër vandag tot die effek dat u resies sou jaag met die ander Golf. Hy was bestuur gewees deur Mnr. Koster. Wat is u reaksie daarop? -- Nee, dit is negatief, dit is negatief.

En daar was ook getuienis gewees tot die effek dat die verkeerslig by Charlesstraat dat hy rooi was en dat u en Mnr. Koster beide oor 'n rooi lig gery het. – Nee, hy was groen gewees toe ons oorgegaan het.

Voor die plaasvind van die ongeluk het u die Toyota opgemerk enigsins by die ... (tussenbei). – Nee, ek het hom nie gesien nie want toe die Mercedes verbygaan toe kyk ek in die Mercedes se rigting en toe ek terugkyk toe is Koster klaar voor my in geswaai."

Hy staaf in die algemeen Koster se weergawe.

Die Landdros het Mej. Jacobs se weergawe aanvaar en ook Mnr. Haasbroek s'n waar dit bots met Mnre. Koster en Smith se weergawes. Sy het derhalwe bevind dat laasgenoemde twee here resies gejaag het soos Haasbroek getuig en ook oor die rooi verkeerslig by die Charlesstraat kruising gejaag het. Haar belangrikste feitebevindings is die volgende:

"6. Die eerste versekerde bestuurder het 'n hoë spoed gehandhaaf wat reeds onredelik beskou word onder die omstandighede.

7. Die eerste versekerde bestuurder het nie 'n behoorlike uitkyk gehou nie en nie betyds vermydende stappe geneem nie.

8. Die eerste versekerde bestuurder se hoë spoed het

> sy reaksietyd beperk en verhoed dat hy voldoende vermydende stappe neem."

Uit die aanvaarde getuienis moet dit volg dat indien Koster stadiger gery het en/of by die verkeerslig in Charlesstraat stilgehou het, hy nie op die punt van botsing sou gewees het toe Mej. Jacobs se Toyota daar was nie. Die vraag is of hierdie gevolgtrekking die Landdros se bevinding regverdig.

'n Motorbestuurder op die deurpad is geregtig om te aanvaar dat 'n bestuurder wat 'n stopteken nader, daardie teken sal gehoorsaam. Die posisie by so 'n kruising soos die onderhawige word soos volg uiteengesit in **NATIONAL EMPLOYERS' GENERAL INSURANCE CO. LTD V SULLIVAN** 1988 (1) SA 27 (A) op p. 36 D – F:

> "The driver in a through street, while being required to keep a general look-out, is entitled to assume, in the absence of indications to the contrary, that a driver approaching from a stop street will heed the stop sign operating against him and bring his vehicle to a stop. It is only when it would become apparent to a reasonable man in the position of the driver in the through street that the driver in the stop street does not

> intend to stop, or will be unable to stop in time, that the duty rests on the through street driver to take appropriate avoiding action. Until that stage is reached it is not incumbent upon him, under normal conditions, to regulate his driving on the assumption that the driver in the stop street may not stop."

Koster was derhalwe geregtig om te aanvaar dat verkeer van regs (soos Mej. Jacobs gery het) nie voor hom sou inry nie. Toe dit egter vir hom duidelik geword het, of moes geword het, dat Mej. Jacobs voor hom inry, moes hy vermydende stappe geneem het. Die vraag is egter of daar op daardie stadium nog genoeg geleentheid was om 'n botsing te vermy. Dit word soos volg gestel in **A A ONDERLINGE VERSEKERINGSMAATSKAPPY v MANTJE** 1980 (1) SA 655 (A) op p. 661 B – D:

> "Maar, selfs al sou dit ten gunste van die eiser aanvaar word dat hy eerste in die kruising was, volg dit nie sondermeer dat Van der Merwe nalatig was nie, of, indien hy wel nalatig was, dat sy nalatigheid enigsins tot die veroorsaking van die botsing bygdra het nie. Die vraag wat in die verband beantwoord moet word is of die redelike versigtige bestuurder in Van der Merwe se omstandighede die botsing

> sou kon vermy het. Hierdie vraag het twee fasette. Die eerste is: op welke oomblik sou so 'n bestuurder vir die eerste keer besef het dat die eiser òf reeds in die kruising is òf dat hy die rooi verkeerslig gaan verontagsaam? En die tweede vraag, wat hiermee saamhang: sou hy op daardie oomblik nog in staat gewees het om 'n botsing met die eiser te vermy?"

[Sien ook **GUARDIAN NATIONAL INSURANCE CO. LTD v SAAL** 1993 (2) SA 161 (K) op p. 163 C – E].

Na my mening volg dit nie dat Koster nalatig was en dat sy nalatigheid bygedra het tot die botsing bloot omdat hy te vinnig gery het of die Mercedes Benz agterna gekyk het nie. Daar moet ook aanvaarbare getuienis wees dat die redelike bestuurder in sy posisie in staat sou gewees het om die botsing te vermy. Sulke getuienis ontbreek in hierdie saak. Die Landdros se gewraakte bevinding kan derhalwe nie bly staan nie.

Gevolg slaag die appèl met koste. Die Landdros se bevinding met betrekking tot die eerste versekerde bestuurder (Koster) word ter syde gestel en vervang met

“Absolusie van die instansie met koste.”

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**M. VOGES, WND R**

Namens appellante: Adv. N. Snellenburg
In opdrag van
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens respondent: Adv. J.A. Fourie
In opdrag van
Stander, Venter & Kleynhans
BLOEMFONTEIN

/em